

**U en u gemeente kan 'n dramatiese verskil maak in die lewens van sendelinge en die standaard van sendingwerk uitermate verhoog deur u persoonlike betrokkenheid!**



# Versorging van sendelinge

**Ons wil graag by sendelinge betrokke wees! Wat word van ons verwag?**

**'n Noodkreet vir die versorging van sendelinge!**

Sendelinge is nie natuurfratse of super geestelikes nie. Hulle is gewone mense, wat met dieselfde persoonlike, geestelike en praktiese probleme worstel, as enige ander gelowige. Sendelinge se stryd word egter geïntensiveer, omdat hulle onder 'n vreemde kultuur woon en werk asook ver weg is van pastorale sorg en mede-christene. In hierdie opsig kan die plaaslike gemeente 'n dramatiese verskil maak en die kwaliteit van sendingwerk verhoog deur persoonlik betrokke te raak by die lief en leed van 'n sendeling in die veld. Dikwels word sendelinge op 'n lughawe afgesien en van hulle vergeet.

**Hoe kan u gemeente 'n dinamiese en effektiewe ondersteuningsbasis vorm?**

**Eerstens: Het u gemeente 'n sendeling?**

**Dit is die eerste stap: Neem sendelinge aan! 'n Gemeente sonder sendelinge is geestelik arm.**

- In die derde sendbrief van Johannes word die sluier van 'n gemeente gelig en kry ons 'n kykie in die hart van die gemeente, uitgebeeld in drie persone. Ons raak ook bewus van die onvoltooide sendingtaak, aangesien daar persone was wat t.w.v. die Naam van Jesus uitgegaan het om onder die heidene te werk en die waarheid aangaande die evangelie te verkondig (vers 7-8).
- In die persoon van Gaius sien ons die onmisbare tuisbasis. Hy het die sendelinge (vreemdelinge) gasvry ontvang, in hul behoeftes voorsien en hulle op hul sendingreis voortgehelp op 'n voor-God-waardige wyse. Sodoende het hy 'n medewerker van die werk onder die heidene daar vër geword, terwyl hy aktief betrokke was in sy plaaslike gemeente (vers 5-8).
- In Diotrefes merk ons die onverwagte teenkating vanuit gemeentelike geleedere. Hy was heerssugtig, onbuigsaam, kwaadpraterig, ongasvry en het ander mense verhinder om gasvry te wees. Hy het ook aan vervolgingswaan gely. In sy teenstand om sendelinge te versorg het hy kwaad gedoen, omdat hy God nie gesien of geken het nie (vers 9-11).
- In die persoon van Demetrius sien ons die persoon wat bereid was om te gaan om die evangelie te verkondig en ondersteun moet word (vers 12).

**Hoe kan 'n gemeente dus as 'n "Gajusbende" optree? Daar is basies drie terreine waarop 'n gemeente na sy sendelinge kan omsien nl. op geestelike, materiële en persoonlike vlak, terwyl hulle in die sendingveld of op tuisverlof is.**

## **1. Op die Sendingveld**

### **1.1 GEESTELIK**

- Bid vir hulle, hul bedieningsveld en die stryd, wat hul elke dag moet stry! Gebed is nie 'n ekstra nie en beteken nie slegs om te bid vir sending nie, maar **gebed is sending!**
- Bly in persoonlike kontak met die sendelinge en bly op hoogte van hul nood deur die nuusbriewe, telefoniese kontak, indien moontlik, en/of briefwisseling.
- Moedig persoonlike en gesamentlike gebede aan vir sendelinge. Plaas sendinggebedsversoeke in die gemeentelike afkondigings en omsendbriewe.
- Moedig die leraar aan om tydens eredienste vir sendelinge te bid. Dit sal lidmate onderrig in voorbidding deur die geestelike leier.
- Versend boodskappe van u leraar op kasset aan hulle, sodat hulle ook aangevuur en bemoedig kan word deur u leraar se aan-die-brand-boodskappe. Sendelinge moet op die veld geestelik versorg word.

## 1.2 MATERIEEL

- Voorsien in hul tydelike behoeftes deur verantwoordelikheid vir hul begrote finansiële nood te aanvaar.
- Dink aan die voorsiening van 'n pensioenskema, die skoolastiese en tersiêre onderrig van hul kinders, gesondheidsorg, vervoer en ander bedieningsfasiliteite.

Kan ons nie voor die wederkoms van Jesus die bedelaarstigma van sendelinge afskud, deur sendelinge te bederf en in hul behoeftes te voorsien nie? Dit sal 'n kragtige getuienis vir onselfsugtige dienskneggestalte-seuns-en-dogters-van-God wees.

## 1.3 PERSOONLIK

- Neem inisiatief in die kommunikasie met die sendeling. Stuur bv. leë kassette aan, waarop hulle met u kan gesels. Gereelde kommunikasie d.m.v. e-pos of briefwisseling moet bewerkstellig word. Sodanige kontak deur **die leraar, gemeentelêde, Sondagskoolkinders en gemeentelike nuus bulletins is uiters waardevol. Word 'n sendingpen vriend!**
- Onthou hul verjaarsdae en wens hul geluk.
- Gaan besoek hulle in die veld!

## 2. Op tuisverlof

### 2.1 GEESTELIK

- Wanneer sendelinge huis toe kom vir tuisverlof, moet u bid dat hulle sal uitrus en geestelik verkwik sal word. Bid dat hul geseënde tye met hul families sal hê en dat die omgekeerde kultuurskok onder hul eie mense hanteerbaar sal wees. Sendelinge moet die kultuur en maniere van die mense, onder wie hulle werk aanneem. Dit kan dus moeilik wees om weer in die nuwe Suid-Afrikaanse milieu aan te pas.
- Reël geleentehede vir hulle om in gemeentes, biduurgroepe ens. op te tree. Bid dat hul getuienis kragtig sal wees.
- 'n Baie belangrike geestelike inset is om vir die sendeling en sy gesin in oorleg vakansiereëlings te tref.

### 2.2 MATERIEEL

- Voorsiening moet getref word vir die basiese behoeftes soos behuising, vervoer, brandstof, klere ens. Onthou, hulle het van alles ontslae geraak toe hulle die sendingveld betree het. Dit is ons verantwoordelikheid om in hierdie behoeftes te voorsien.
- Moedig gemeentelêde aan om al hul gawes en talente beskikbaar te stel ten einde die sendelinge se tuisverlof so aangenaam as moontlik te maak.
- Voorsien in 'n tandarts, mediese en ander gesondheidsfasiliteite.

### 2.3 PERSOONLIK

- Moedig die gemeente aan om hul huise oop te stel vir die sendelinge, om 'n oor te gee om te luister en hulle te bemoedig.
- Moenie vir hulle preek en hulle lesse gee in hoë sendingwerk behoort gedoen te word nie. Vermoedlik die versoeking om te vra of hul ekskursie "lekker" was en of hulle die sendingwerk "geniet". Sulke vrae stel hul in 'n verleentheid. **Onthou, hulle is nie op 'n lang vakansie in 'n oorsese land nie, maar betrokke in 'n geestelike oorlog.**
- Verwelkom die sendelinge terug in die gemeente en laat hul deel word van die gemeentelike aktiwiteite. Verleen prominensie aan hulle vermoëns en benut hul gawes in die gemeente.
- Organiseer gespreksessies vir die sendelinge met die leraar en die sendingkommissie ten einde praktiese probleme in logistieke sake uit te sorteer. Dit bied ook 'n geleentheid waar waardering uitgespreek kan word.
- Wees sensitief vir u sendeling se persoonlike behoeftes. Reël en finansier berading en opleiding, indien nodig, ten einde stress, inter-persoonlike verhoudingskrisisse en kultuurskok te hanteer en te verwerk!

## Stof tot Nadenke

*Is u of u gemeente op hierdie vlak betrokke by sendingwerk?*

Besin oor stappe wat geneem moet word om hierdie ondersteuningsbasis in u gemeente te skep of die kwaliteit daarvan te verhoog. Watter addisionele beleid en riglyne moet ontwikkel word ten einde 'n sinvolle sendingbediening te implementeer? Wie gaan dit doen?

**"SERVING AS SENDERS" deur NEAL PIROLO is 'n uitstekende boek vir mense om te lees en meer te leer m.b.t. hierdie bediening. PIROLO beskryf die ontsaglike nood van sendelinge om ondersteun te word terwyl hulle hul voorberei om te gaan, terwyl hulle in die veld is en wanneer hul huis toe kom vir tuisverlof. Praktiese en sensitiewe wenke word deurgegee vir die gemeente of individuë, wat begeer om hierin diensbaar vir die Meester te wees.**

**Enige verdere navrae kan gerig word aan:**

**DS. THYS LOUBSER, AKSIE 1:8, POSBUS 15769, SINOVILLE, 0129**

**TEL:012 808 0457 E-POS: aksie18@mweb.co.za Website: www.aksie18.co.za**